NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 2 SEPTEMBER 2015 OM 10:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Administrasie]
Voorsitter, rdl M Rangasamy [Finansies]
Ondervoorsitter, rdh N J A Rust

Abrahams, M Z
Cloete, C M
Cox-Chetty, Y S
Goliath, M S I
Sedeman, A C
Stemele, O M
Traut, L

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Waarnemende Direkteur: Finansiële Dienste, mnr P Swart
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Waarnemende Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Snr Bestuurder: Menslike Hulpbronne, me S de Jongh
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl O M Stemele open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl J H Cleophas.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 5 AUGUSTUS 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl L Traut)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 5 Augustus 2015 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND (10/3/3)

BESLUIT dat daar met dank kennis geneem word van die skrywes soos met die sakelys gesirkuleer.

4/...

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ADMINISTRASIE

5.1 MAANDVERSLAG: JULIE 2015

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)
5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

Die voorsitter lê die onderskeie maandverslae ter tafel.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder en die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir die tydperk Julie 2015.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 SALGA: *"HUMAN RESOURCES DEVELOPMENT AND COLLECTIVE BARGAINING"* WERKSGROEPVERGADERING: 14 AUGUSTUS 2015 (11/1/1/24)

Die SALGA *Human Resources Development and Collective Bargaining*-werksgroepvergadering was bygewoon deur rdl M van Zyl en Senior Bestuurder Menslike Hulpbronne, me S de Jongh op 14 Augustus 2015 en word daar terugvoering gegee in die verslag op sekere aspekte vervat in die agenda.

6.2 TERUGVOERING VAN SALGA IGR WERKGROEPVERGADERING GEHOU OP 14 AUGUSTUS 2015 (11/1/1/24)

Die SALGA IGR-werksgroepvergadering was bygewoon deur die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder op 14 Augustus 2015 en word daar terugvoering gegee in die verslag op sekere aspekte vervat in die agenda.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat daar kennis geneem word van die agendas van SALGA se "Human Resources Development and Collective Bargaining" werksgroepvergadering (item 6.1 verwys) sowel as die terugvoering van SALGA se IGR werkgroepvergadering van 14 Augustus 2015.

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

7.1 MAANDVERSLAG: JULIE 2015

7.1.1 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2) (5/7/1/1)

Die voorsitter behandel die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste.

Die waarnemende Direkteur Finansies, mnr P Swart, noem dat aangesien die munisipaliteit se finansiële jaar in Julie 2015 begin het, is daar geen betalings vir die huidige boekjaar (2015/2016) gemaak nie behalwe t.o.v. uitstaande betalings vir die 2014/2015 finansiële jaar.

Die voorsitter rig weereens 'n versoek aan die raadslede om, indien hul bewus is van persone wie onregmatig 'n deernissubsidie vanaf Swartland Munisipaliteit ontvang, dit onmiddellik aan die Uitvoerende Burgemeester, Munisipale Bestuurder of enige direkteur te rapporteer.

Besluit/...

7.1.1/...

BESLUIT

(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir die tydperk Julie 2015.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: ADMINISTRASIE

(GET) M RANGASAMY
VOORSITTER: FINANSIES

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z
Fortuin, C
Goliath, M S I
Papers, C H
Stanley, B J
Van Zyl, M
Wilskut, W
Van der Merwe, J I
Rust, N J A

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Waarnemende Direkteur: Finansiële Dienste, mnr P Swart
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Waarnemende Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Snr Bestuurder: Menslike Hulpbronne, me S de Jongh
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:17 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle J H Cleophas en N S Zatu.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 5 AUGUSTUS 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 5 Augustus 2015 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: JULIE 2015

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die waarnemende Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann, noem dat daar tans kommer heers oor die watervlak van die Voëlvleidam en dat gesprekke met die Departement van Waterwese plaasvind rakende die moontlike instelling van waterbeperkinge. Die Departement van Waterwese het aangedui dat indien die watervlak van die betrokke dam, wat tans 72% is, tot 80% verhoog sal waterbeperkinge nie ingestel word nie.

5.1.1/...

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz noem – op navraag van rdl B J Stanley – dat die munisipaliteit bewus is van die probleem by Goedgegund waar gesuiwerde water vir landboudoeleindes gebruik word en dat dit nie koste-effektief is nie.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die munisipaliteit tans met 'n ondersoek besig is om hierdie probleem effektief aan te spreek.

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit, behandel die maandverslag en die volgende punte word uitgelig:

- Dat Eskom die beurtkrag skedule vanaf 1 Julie 2015 gewysig het en dit meebring dat Malmesbury en Moorreesburg meer lasbeheergevalle sal ervaar.

- Dat die energie-kapasiteit by Eskom verbeter het en alhoewel lasbeheer tans afgelas is, dit enige tyd weer geïmplementeer kan word.

- Dat – na 'n navraag van rdl Stanley – alle klagtes en probleme aan Eskom wel gerapporteer word. Eskom het egter genoem dat hulle geen verantwoordelikheid aanvaar t.o.v. vandalisme en diefstal van kabels nie.

- Dat indien klagtes gerapporteer word t.o.v. elektrisiteit wat deur Eskom voorsien word, die straatnaam en nommer ook voorsien word vir volledigheidshalwe.

- Dat m.b.t. die Klipfontein-substasie, dit eers in volgende jaar aangeskakel sal word weens die diefstal van kabels binne die hoofstasie wat 'n vertraging veroorsaak het.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat kennis geneem word van die maandverslae van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die tydperk Julie 2015.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]
Ondervoorsitter, rdl A C Sedeman

Goliath, M S I	Sneewe, A M
Papers, C H	Stanley, B J
Philander, D B	Traut, L
Rangasamy, M	Van der Merwe, J I

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (in ex officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Waarnemende Direkteur: Finansiële Dienste, mnr P Swart
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Waarnemende Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Snr Bestuurder: Menslike Hulpbronne, me S de Jongh
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:43 ’n aanvang.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl B W Geel.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 5 AUGUSTUS 2015

BESLUIT
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl A M Sneewe)

Dat die notule van ’n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 5 Augustus 2015 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE MBT BESKERMINGSDIENSTE

5.1 MAANDVERSLAG: JULIE 2015

5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)
5.1.2 VERKEER & WETSTOEPASSINGSDIENS (7/1/2/2-3)
5.1.3 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)

Die voorsitter bedank die Direkteur: Beskermingsdienste vir die voorafgaande vergadering t.o.v. die Direktoraat Beskermingsdienste se werksaamhede en ook om die verslae meer deeglik te bespreek.

5.1/...

Rdl J I van der Merwe spreek sy kommer uit oor die beperkte aantal personeellede in die verkeer- en wetstoepassingsafdeling teenoor die groei van die Swartland asook die werksure van die betrokke afdeling.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl A M Sneewe)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Beskermingsdienste, Verkeers- en Wetstoepassingsdiens en die Brandbestrydingsafdeling vir die tydperk Julie 2015.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

7. GEDELEGEERDE SAKE MBT ONTWIKKELINGSDIENSTE

7.1 MAANDVERSLAG: JULIE 2015

7.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

BESLUIT
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die tydperk Julie 2015.

8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

8.1 VOORGESTELDE HERSONERING EN VERGUNNINGSGEBRUIK OP GEDEELTE 5 VAN PLAAS SLANGKOP NO 552, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15; 15/3/10-15) (WYK 5)

Aansoek word namens die eienaars, Weskus Killarney CC, gedoen vir die hersonering van ‘n gedeelte van gedeelte 5 van die plaas Slangkop no. 552 (groot ±3,3ha), Afdeling Malmesbury geleë direk suid van die R27 en R315 kruising naby Yzerfontein. Die doel van die aansoek is om ‘n gedeelte van die eiendom te hersoneer vanaf landbousone 1 na sakesone 4 ten einde ‘n petroport met verwante winkel en restaurant te bedryf.

Aansoek word ook gedoen vir ‘n vergunningsgebruik vir ‘n openbare garage ten einde ’n 24 uur insleep- en meganiesedienstefasiliteit as deel van die petroport te bedryf.

AANBEVEEL
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

A Dat die aansoek vir die hersonering van ‘n gedeelte van gedeelte 5 van die plaas Slangkop no. 552, Afdeling Malmesbury vanaf landbousone 1 na sakesone 4 ten einde ‘n petroport met verwante winkel en restaurant te bedryf, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie, goedgekeur word;

B Dat die aansoek vir ‘n vergunningsgebruik vir ‘n openbare garage ten einde ‘n 24 uur insleep- en meganiesedienstefasiliteit as deel van die petroport te bedryf, ingevolge artikel 7, Hoofstuk 14.4.2 van die Swartland Geïntegreerde Soneringskemaregulasies, goedgekeur word;

C Dat punte A en B onderhewig is aan die volgende voorwaardes:

C1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die sakesone 4 sonering beperk word tot ±3,3ha soos voorgehou in hierdie aansoek;

8.1(C1)/...

(b) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

(c) dat 'n terreinontwikkelingsplan aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word. Die terreinontwikkelingsplan moet in besonder aandag gee aan voertuigtoegange en -sirkulasie, voertuig- en voetgangerveiligheid, parkering, geboue plasing, risikobestuur van brandstofpompe en brandstofopgaarplekke, die afskerming van gebiede wat vir stoordoeleindes gebruik word, visuele impak op die omliggende landelike omgewing, estetiek, landskapering, impakversagting op aanliggende grondgebruike, en ligging van geboue, aanwysings en strukture;

(d) dat ten minste 62 op-perseel parkeerplekke met 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit voorsien word en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;

(e) dat die kleinhandelsfasiliteite en geassosieerde stoorgebiede nie 100m² per brandstofpomp moet oorskry nie;

(f) dat 'n landskaperingsplan aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir oorweging voorgelê word;

(g) dat ten minste 20% van die grondeenheid, wat piekniekgebiede mag insluit, vir landskaperingsdoeleindes opsy gesit moet word;

(h) dat 'n aansoek vir die oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word. Die reklame- en advertensieborde word tot tekens wat direk met die aktiwiteite van die petroport verband hou, beperk. Die hoogte van die tekens op die terrein word beperk tot 12m;

(i) dat daar aansoek by die Weskus Distrikmunisipaliteit vir 'n geskiktheidsertifikaat en by Swartland Munisipaliteit vir 'n handelslisensie vir die bedryf van die restaurant gedoen word;

(j) dat die fasiliteit nie in gebruik gestel kan word alvorens daar aan alle voorwaardes voldoen is en die eiendom oor 'n toepaslike okkupasiesertifikaat beskik nie;

C2 WATER

(a) dat daar met die Weskus Distrikmunisipaliteit vir die nodige wateraansluiting geskakel word;

C3 RIOOL

(a) dat riooldienste slegs deur middel van 'n rioolsuigtenkvragmotor voorsien kan word vir huishoudelike gebruik. Vir hierdie doel moet riooluitsuigtenke met voldoende kapasiteit met die toepaslike koppelstukke voorsien word;

(b) dat die diens gehef sal word volgens die tarief vir die uitsuigdiens op plase;

C4 VULLISVERWYDERING

(a) dat daar skriftelik by Swartland Munisipaliteit aansoek gedoen word indien enige van die munisipale stortingsterreine gebruik gaan word;

C5 TELKOM

(a) dat indien alterasies of herplasing van bestaande infrastruktuur nodig sal wees, sulke werke gedoen sal word op versoek en vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar;

C6 DEPARTEMENT VAN WATERWESE

(a) dat geen besoedeling van bo- of ondergrondse waterbronne mag plaasvind as gevolg van enige aktiwiteite op die perseel nie;

8.1(C6)/...

(b) dat geen onttrekking van bo- of ondergrondse waterbronne gedoen mag word sonder goedkeuring van die Departement van Waterwese, tensy dit ‘n skedule 1 gebruik of ‘n bestaande wettige gebruik is;
(c) dat ‘n ondertekende ooreenkoms tussen Swartland Munisipaliteit en die eienaar/ontwikkelaar aangegaan word rakende die diens van die riooluitsuigtenke. Hierdie ooreenkoms moet aan die Departement voorsien word;
(d) dat alle vereistes van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) ten alle tye nagekom word;

C7 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

(a) dat die bestaande toegang na die plaas by km73,15 op TR7701 permanent gesluit word voordat die voorgestelde ontwikkeling in bedryf gaan;
(b) dat die bestaande plaaswinkel op die eiendom slegs toegang na TR7701 verkry via die voorgestelde petroportfasiliteit;
(c) dat, in terme van die Paaie Ordonnansie 19 van 1976, mag geen nuwe toegange geskep word of bestaande toeganguitlegte en toegangsgebruike verander word sonder die toestemming van die Departement van Vervoer en Openbare Werke nie;
(d) dat dit deur die eienaar van plaas 552/5, Afdeling Malmesbury bevestig word dat hy/sy aanvaar dat wanneer TR7701 ‘n dubbelbaanpad word, geen toegang tot die fasiliteit toegelaat sal word vanuit ‘n noordelike rigting, bv. geen mediaankruising sal toegelaat word nie. Hierdie onderneming moet aan die Departement van Vervoer en Openbare Werke binne 60 dae van hierdie besluit voorsien word;
(e) dat die voorgestelde uitleg van die toegangspad en voorhof van die ontwikkeling nie voorsiening maak vir die toekomstige verdubbeling van TR7701 nie. Die uitleg van die toegangspad en voorhof moet herontwerp word om voorsiening te maak vir die verdubbeling van TR7701. Addisionele bane sal aan die westekant van die mediaaneiland geplaas word wat aan die westekant van die bestaande pad sal wees;
(f) dat die afstande van 970m en 800m vanaf MR215 vir die nuwe toegange na die ontwikkeling aanvaarbaar is;
(g) dat ‘n addisionele regsdraai baan op die bestaande suidelike aanloop van pad TR7701 vir die gedeeltelike toegang by ±km72,84 benodig word;
(h) dat die geometriese en materiale ontwerpe van die interseksies aan die ontwerp direktoraat van die Departement van Vervoer en Openbare Werke voorsien moet word (Mnr Wally Silbernagl – Tel no. 021-4832170);
(i) dat die detail van beligting van die toegangspaaie en/of TR 7701 aan die Departement van Vervoer en Openbare Werke (Mnr Evan Burger – Tel no. 021-4832180) vir goedkeuring voorgelê moet word;
(j) dat, in terme van artikel 17 van die Paaie Ordonnansie 19 van 1976, is daar ‘n 5m statutêre boulyn van toepassing langs TR7701. Die 5m word gemeet vanaf die statutêre grens van die pad;
(k) dat ‘n grensstruktuur langs die padreserwe voorsien en onderhou word volgens die voorskrifte en voorwaardes van die Distrikpadingenieur, Ceres;
(l) dat alle toegange voltooi en goedgekeur sal wees deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke alvorens die petroport en verwante infrastruktuur in bedryf gaan;
(m) dat alle plaastoegange na die eiendom vanaf TR7701 permanent gesluit word;

C8 DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING

(a) dat daar aan die voorwaardes van die Omgewingsmagtiging van die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning gedateer 25 Junie 2015 met verwysingsnommer 16/3/1/1/F5/16/3010/14 voldoen word;

8.1/...

D9 ALGEMEEN

(a) dat alle deelnemers aan die proses van die besluit in kennis gestel word.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE